

## *Genoeg, vir almal, vir altyd . . . .*

Hierdie eenvoudige definisie van volhoubaarheid beskryf ons verantwoordelikheid teenoor mekaar, ons planeet en die toekomstige inwoners.

Om te lewe asof die enigste belangrikste dinge in die lewe ons eie genot en voorspoed is sonder om die impak daarvan op ons huidige en toekomstige medeaardbewoners te verstaan is nie net selfsugtig nie, maar kan inderdaad ons eie voortbestaan bedreig. Die vermoë van die Aarde om lewe, soos ons dit ken, in die toekoms te kan onderhou, was nog nooit so bedreig soos tans nie. Die hoeveelheid besoedeling, insluitend CO<sub>2</sub>, het veroorsaak dat die Aarde moontlik nooit weer sal herstel na dieselfde toestand as waarin ons voorouers grootgeword het nie. Ons onversadigbare drang om te verbruik het die Aarde op 'n punt gebring waar wetenskaplikes voorspel dat die klimaat moontlik sodanig kan verander dat die lewe, of Aarde soos ons dit ken, vir altyd kan verander. Baie mense sal selfs nie eens die veranderinge kan oorleef nie. Daar word voorspel dat dit in die Wes-Kaap so warm en droog kan word dat ons nie meer druiwe, vrugte en koring sal kan verbou nie. Dit sal veroorsaak dat baie mense hul werk sal verloor, plase verlate word en baie mense sonder 'n inkomste, kos en selfs water gelaat sal word.

Die vraag is: Wat kan ons doen om hierdie naderende katastrofe te beperk? Hoe moet ons ons lewenswyses aanpas om minder kosbare hulpbronne te verbruik en die hoeveelheid vrygestelde CO<sub>2</sub> waarvoor ons verantwoordelik is, te verminder?

Dit is moontlik om 'n verskil te maak, mits elkeen van ons sy/haar klein bydrae maak deur minder energie te gebruik, minder goed te koop, en deurlopend onself af te vra wat kan ons doen om ons impak op die Aarde se kosbare hulpbronne - insluitend die atmosfeer - te beperk.

Prof. Wikus van Niekerk